

**23 November**

**Skrifgedeelte: Psalm 73**

**Fokusgedeelte: Psalm 73:28**

### **Dit is vir my goed om naby God te wees**

Op die oog af lyk dit asof die goddeloses altyd voorspoedig is. Daarteenoor ervaar die gelowiges net ellende en swaarkry. Hierdie raaisel is verwarrend wanneer ons nie naby aan God lewe nie. Satan wil ons juis blindmaak en wegrokkel van God af. Hy wil ons verbitterd maak en teen God in opstand laat kom deur die gevoel dat ons verontreg word. Wat help dit om reg te lewe, terwyl dit so goed gaan met die goddeloses? Die gelowige raak soms jaloers op die skynbare voorspoed van die goddeloses.

Die digter het diep nagedink oor hierdie raaisel. Dit was baie moeilik om dit te verstaan totdat hy in die heiligdom van God ingegaan het. Toe hy weer naby Hom gekom het, het hy besef wat die uiteinde van die goddeloses is. Meteens het hy besef dat God baie goed is vir sy kinders. Al het hy daaraan begin twyfel en byna koers verloor, het hy in die Woord weer perspektief gekry. Hy het hom nie langer blindgestaar nie. Die uiteinde van die goddeloses is verskriklik. God sal ingryp. Hulle ondergang is vas. Intussen bly God getrou. Deur die Heilige Gees verseker Hy ons dat Hy altyd by ons is. Hy lei ons volgens sy raadsplan en daarom is dit vir ons goed om naby Hom te wees. Hy is die enigste antwoord. Hy hou ons vas en lei ons deur sy Woord. Jesus het ons weer naby Hom gebring. Niks is vir ons meer werd as om aan Hom te behoort en naby Hom te wees nie.

*Sing: Psalm 73 :10,11,12 Ds WP van der Merwe (Emeritus)*